

Vrydag 6 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:13

Die seën van die Drie-enige God

Paulus se standaardgroet aan die einde van sy briewe is: *Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees.* By die groet van 2 Korintiërs word bygevoeg: ... *en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees.* Juis die feit dat Paulus hier van die standaardgroet afwyk, bevestig die belangrikheid daarvan. Die feit dat dit op dieselfde plek en met dieselfde betekenis as die ander briewe se slotseën gebruik word, sê vir ons dat die seën van die Drie-enige God wat tot ons kom, juis die genade is wat God in Jesus Christus aan ons bewys het.

- Die liefde van die Vader, dat Hy sy Seun vir ons gegee het.
- Die gemeenskap, die inwoning van die Heilige Gees.
- Dit is die genade van God Drie-enig wat ons deel geword het deur die dood en opstanding van ons Here Jesus Christus.

God, onbegryplik groot, ver bo wat ons kan dink of verstaan: ons leef in die rykdom van sy werkinge en onder die seën wat Hy gee. Ons belydenis oor Hom kan nooit sy wese deurgroend nie. Ons ken egter die Drie-enige God in sy genadewerking met ons:

- God die Vader ... en ons skepping.
- God die Seun ... en ons verlossing.
- God die Heilige Gees ... en ons heiligmaking.

So bely ons die Drie-enige God wat Hom so in sy Woord aan ons geopenbaar het. Dit alles is die genade van Jesus Christus waarmee ons geseën word. Wat 'n onuitspreeklike voorreg om onder sy drie-dubbele seën te leef.

Sing: Psalm 68:9 (1936)

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)